



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

Departement Bos- en Houtkunde

Akademiese programme vir 2018

Magisterprogramme

Navrae:
Kontakbesonderhede:

Departementshoof
Departement Bos- en Houtkunde
Universiteit van Stellenbosch
Privaatsak X1
Matieland
7602
Tel: +27 21 808 3323
e-pos: mmein@sun.ac.za

Opgedateer:

Januarie 2018

Inhoudsopgawe:

Nagraadse programme:

Magisterprogramme

MScBosb in Bosbou- en Natuurlikehulpbronwetenskappe
of Hout- en Houtprodukkunde

3

Aansoekproses

Hoe en waar om aansoek te doen

5

Onttrek uit Fakulteit Agriwetenskappe Kalender Deel 7 van 2018



MScBosb in Bosbou- en Natuurlikehulpbronwetenskappe of Hout en Houtprodukkunde

Hierdie program lei tot die kwalifikasie MSc(Bosb) in Bosbou- en Natuurlikehulpbronwetenskappe of Hout- en Houtprodukkunde.

Spesifieke Toelatingsvereistes:

- Die vierjarige BScBosb-graad, die Nagraadse Diploma in Bosbou- en Houtwetenskappe, 'n toepaslike honneursgraad, asook ander kwalifikasies soos deur die Senaat vir die doel goedgekeur.
- 'n Minimum prestasiepunt van 60% in alle modules of in die hoofmodule wat van toepassing is op die nagraadse studieveld. Die Departement kan besluit om van hierdie vereiste af te wyk.

Die MScBosb kan aan jou toegeken word indien jy –

- in besit is van 'n toepaslike baccalaureusgraad van hierdie Universiteit of 'n baccalaureusgraad wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het, en op skriftelike aansoek deur die Senaat tot die betrokke program met 'n minimum studieperiode van een jaar toegelaat is, of in besit is van 'n toepaslike honneurs-baccalaureusgraad van hierdie Universiteit of 'n ander honneurs-baccalaureusgraad wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het, en op skriftelike aansoek deur die Senaat tot die betrokke program met 'n minimum studieperiode van een jaar toegelaat is;
- 'n goedgekeurde kurrikulum van gevorderde studie en/of navorsing voltooi het, wat 'n tydperk van studie of navorsing op 'n ander plek deur die Senaat erken, mag insluit;
- die voorgeskrewe eksamen(s) geslaag het;
- 'n taalkundig en andersins goed versorgde tesis of werkstuk ingelewer het waaruit blyk dat jy selfstandige wetenskaplike en tegniese ondersoeke uitgevoer het en die resultate bevredigend geïnterpreteer het;
- 'n verklaring by die tesis of werkstuk insluit dat die tesis of werkstuk nie reeds aan 'n ander universiteit vir die verkryging van 'n graad voorgelê is nie en dat dit jou eie werk is; en
- 'n mondelinge eksamen bevredigend afgelê het. In sekere gevalle mag aanvullende studie van jou vereis word.
- Jy moet ook aan alle ander bepalinge betreffende tesse vir magistergrade voldoen. Kyk onder *Gevorderde Grade in Deel 1 (Algemeen)* van die Jaarboek.

Besonderhede van program

Duur van Program

Die program strek oor een jaar na die vierjarige BScBosb-graad.

Verpligte Modules

Studente moet kies tussen Boskunde 878 en Houtprodukkunde 878 (180 krediete)

Addisionele modules en kortkursusse

Die magisterprogram bestaan uit 'n 100% navorsingskomponent (180 krediete) maar die student kan, in konsultasie met sy studieleier, versoek word om aanvullende modules en kortkursusse by te woon. Dit sluit in 'n seleksie van kortkursusse in droëland bosbou asook Biometrie 811/841 (Nagraadse biometrie). Die addisionele kursusse is ontwerp om die student die nodige toerusting en kennis te gee om onafhanklik navorsing te kan doen in sy/haar rigting van studie.

811 (8) Biometriese toepassings en data-analise in SAS

Dataverwerking en grafiese metodes met SAS Enterprise Guide. Eenvoudige beskrywende statistiek; t-toetse vir enkelpopulasies, onafhankliksteekproef-t-toetse en enkelpopulasies, onafhankliksteekproef-t-toetse en gepaarde t-toetse vir twee populasies; variansie-analise: totaal ewekansige ontwerp, ewekansige blokontwerp, Latynse vierkant-ontwerp, kruisklassifikasie-ontwerpe; herhaaldewaarneming-variensie-analise; meervoudigevergelykingsprosedures. Onder-skeidingsvermoë-analise. Nie-parametriese toetse: Mann-Whitney, Wilcoxon, Kruskal-Wallis en Friedman; lineêre regressie en korrelasie; polinomiese regressie; meervoudige regressie; seleksie van onafhanklike veranderlikes met stapsgewyse regressie en alledeelfersamelingsregressie; kovariansie-analise; kategoriesedata-analises (Chi-kwadraat-toetse); logistiese regressie. Hierdie module word in twee blokke van vyf halwe dae elk tydens die eerste semester aangebied.

Metode van assessering: Buigsame assessering.

Voorvereiste modules: Biometrie 212 en 242 of 211 Studente met ander voorgraadse Statistiek modules sal ten minste 50% vir 'n toelatingseksamen moet behaal.

Tuisdepartement: Genetika

841 (8) Biometriese toepassings en data-analise in R

Dataverwerking en grafiese metodes met R. Eenvoudige beskrywende statistiek; t-toetse vir enkelpopulasies, onafhankliksteekproef-t-toetse en enkelpopulasies, onafhankliksteekproef-t-toetse en gepaarde t-toetse vir twee populasies; variansie-analise: totaal ewekansige ontwerp, ewekansige blokontwerp, Latynse vierkant-ontwerp, kruisklassifikasie-ontwerpe; herhaalde-waarneming-variensie-analise; meervoudigevergelykingsprosedures. Onderskeidingsvermoë-analise. Nie-parametriese toetse: Mann-Whitney, Wilcoxon, Kruskal-Wallis en Friedman; lineêre regressie en korrelasie; polinomiese regressie; meervoudige regressie; seleksie van onafhanklike veranderlikes met stapsgewyse regressie en alledeelfersamelingsregressie; kovariansie-analise; kategoriesedata-analises (Chi-kwadraat-toetse); logistiese regressie. Hierdie module word in twee blokke van vyf halwe dae elk in die tweede semester aangebied.

Metode van assessering: Buigsame assessering.

Voorvereiste modules: Biometrie 212 en 242 of 211 Studente met ander voorgraadse Statistiek modules sal ten minste 50% vir 'n toelatingseksamen moet behaal.

Tuisdepartement: Genetika

Addisionele kortkursusse aangebied in die Droëland Bosbou spesialisasie

- Bosekologie en -kultuur
- Afstandwaarneming en bosmeetkunde
- Boomgehalte verbetering en kwekerypraktyke
- Biomassa oesting en vervoerlogistieke
- Houtprosessering en -anatomie
- Droëland Bosbou-ekonomie

Die kortkursusse word aangebied in een of twee blokke van vyf opeenvolgende halfdae, elk.

Metode van assessering: Informeel

Daar is geen voorvereiste vir die bywoning van n Droëland Bosbou kortkursus nie.

Navrae:

Dr P Ackerman

Tel: 021 808 3323

E-pos: packer@sun.ac.za

Aansoekproses:

Vir nagraadse studie in Bos-en Houtkunde moet 'n toepaslike studieleier gekontak word. Die navorsingsprojek en eerste voorstel moet gefinaliseer word voor die aansoek ingedien word..

Vir 'n lys van studieleiers besoek:

- <http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/agri/forestry/Pages/Academic-Staff.aspx>

Om aanlyn aansoek te doen:

- <http://www0.sun.ac.za/pgstudies/>

Vir meer inligting oor programme wat aangebied word deur die Departement van Bos-en Houtkunde, besoek asb die volgende skakels:

- Jaarboek 2018:
http://www.sun.ac.za/english/Documents/Yearbooks/Current/2018_AgriSciences_afr.pdf
- Departementele webblad:
<http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/agri/forestry/about-us>